# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Koninkryks Bediening Nuusbrief*

## *Mei 2026*



Klein geplante kerkie in Muapula-omgewing wat groei

# *Makhua Shirima Bybelbediening 1998 — 2026*

## *Dr Gerard en Vanessa Olivier*

**BEMOEDIGING LANGS DIE PAD**

Selfs te midde van ernstige uitdagings wat ons in die gesig staar, hou die Here aan om ons te bemoedig deur die werk wat Hy doen. Hier is twee voorbeelde:

**1. Die evangelie onder die Makhuas** Ongeveer twee jaar gelede het Geraldo vir gebed gevra vir sy broer, wat sterk teen die evangelie gekant was. 'n Paar weke gelede het hy geskryf om te sê: **"***Dankie vir julle gebede — my broer is nou 'n Christen."*

In Cuamba help een van die manne wat in 2023 opgelei is, nou om 'n derde gemeentetjie te plant. Domingos het ook vir ons vertel dat tien gelowiges uit die Muapula-omgewing hulle in twee groepe georganiseer het en op Saterdagmiddae na dorpe uitgaan vir evangelisasie.

Ons het ook onlangs gehoor van twee nuwe gelowiges in 'n ander gemeentetjie wat geplant is naby Muapula.

**2. Genadekrummels** Een van die grootste bemoedigings die afgelope tyd was ***Migalhas de Graça*** ("Krummels van Genade") — kort Bybelse boodskappe wat ek nou twee maal per week per WhatsApp aan tien broers in Niassa stuur. Baie van hulle is in leierskap en van hulle preek op Sondae, en dit het 'n eenvoudige manier geword om hulle deur die week te bemoedig en te versterk. Hulle terugvoer, vrae en reaksies is vir ons 'n groot seën. Ons wens ons kon iets van daardie interaksie met julle deel!

*Migalhas* het reeds begin verder versprei. Nickey, wat onder die Makhua-vroue bedien, het gevra of sy dieselfde materiaal met hulle kan gebruik. Die plan is dat twee van die vroue in die groep, wat goed kan lees, elke boodskap uit die kop sal leer en dan saam met die ander vroue uit die gemeente na verskillende "villages" sal gaan om daardie boodskap in hulle moedertaal te deel.

**VORDERING MET LITERATUUR**

Ons mik daarna, as die Here wil, om in die laaste deel van hierdie jaar agt boeke in Makhua en Portugees te laat druk. Dit is stadige werk, maar dit is die moeite werd! Hierdie boeke gaan help met Bybelonderrig, evangelisasie, toekomstige klankopnames, en kan moontlik ook nabygeleë taalgroepe dien as hulle dit sou wou vertaal. Die beste van alles is: hierdie bediening sal ons oorleef!

**'N BELANGRIKE DATUM**

Domingos en Jeremias het op 22 April klaargemaak met die finale opnames van die Ou-Testament. Dit is 'n groot mylpaal - nou is die hele Makhua Bybel in klank opgeneem. Ons wag nog vir die tegniese versorging van die ateljee af en sal later die klanklêers van hulle af ontvang, maar hierdie is/was `n enorme werk van `n hele paar jaar wat nou afgehandel word. Ons is die Here oneindig dankbaar vir hierdie mylpaal! Sodra die redigering afgehandel is, behoort ons klankopnames vir die hele Makhua Shirima Bybel te hê. Ons is die Here baie dankbaar dat Hy die werk so ver gebring het.

**HOE JULLE KAN BID**

- Bid vir Fritz en Nickey terwyl hulle hul werk in Mapula afrond en voorberei om aan die einde van Mei terug te keer. *DIE WERK GAAN EGTER AAN OP MUAPULA*.
- Bid vir die Here se voorsiening vir elke behoefte in hierdie bediening.
- Bid dat God se koninkryk sal aanhou uitbrei onder die Makhuas.

Ons is die Here dankbaar vir Sy goedheid, en ons sal julle gebede en ondersteuning baie waardeer soos die werk voortgaan.

**In Hom, Gerard en Vanessa**



*Domingos en Jeremias in die klankateljee*

**https://www.muapulamission.co.za/**

# JEUG WEEK

AANGBIED DEUR:

## ETHNOS MOVEMENT INTERNATIONAL

## 25 MEI – 1 JUNIE 2026

**BESOEKE** AAN VERSKEIE SKOLE EN **TENTAANDDIENSTE** IN BOIKHUTSU EN BLYDEVILLE.

VIR MEER INLIGTING KONTAK DS JOHAN VAN ZYL BY 071 885 2047

ETHNOS MOVEMENT INTERNATIONAL

**SONDAG 31 MEI** JEUGDIENS, 9:30, LICHTENBURG KLIPKERK, DS JOHAN VAN ZYL EN ETHNOS

**SONDAG 31 MEI** JEUGBYEENKOMS VIR DIE JEUG VAN LICHTENBURG 17:00, HAMBURGERS EN MILKSHAKES SAL BEDIEN WORD TEEN R50.00 PER KIND. RSVP ASB JOU NAAM VOOR OF OP MAANDAG 25 MEI BY WA 083 557 5857. (AANGEBIED DEUR DIE RING VAN LICHTENBURG)

# JEUGAAND

## KOFFIEKROEG BY TOEKA

## SONDAG 31 MEI 17:00

AANGEBIED DEUR ETHNOS INTERNATIONAL
EN DIE RING VAN LICHTENBURG.



BESPREEK JOU PLEK EN BESTEL JOU
HAMBURGER EN MILKSHAKE VIR SLEGS R50.00!

WHATSAPP 083 557 5857 VOOR 25 MEI
OM JOU PLEK TE BEVESTIG.



## *“Jerusalem” Bediening*

**Boikhutso, Blydeville - tentdienste, huisbesoeke, skole, bus- en taxi terminus, hospitaal en ouetehuis**

***Beplande Uitreik van Ethnos Span saam met Lukas en Rebekka Lebalelo***













